poskaart

Poskaarte word deesdae al hoe minder gebruik. In plaas van 'n poskaart kan ek mos maar eerder 'n foto of video neem van die plek waar ek kuier en dit na my maat MMS.

Wanneer mens egter in die buiteland is en jou selfoon nie internasionaal gekonnekteer is nie, is'n poskaart van die besienswaardighede in die land waar jy kuier tog 'n aangename manier om met jou vriende te kommunikeer.

- Skryf die boodskap in die linkerhelfte van die poskaart. Beplan sodat jy 100 woorde maklik in die ruimte sak kan inpas.

- Skryf die adres regs bo onder die seël neer, in die korrekte formaat, bv.:

Frieda Els
Houtskoolstraat 14
Durvanville
7550
SUID-AFRIKA

(die nommer kom altyd NA die straatnaam en die straatnaam word vas geskryf!!!!)

- Die seël word bo in die regterkantste hoek geplak.

- As jy vir jou maat skryf, is die toon en styl informeel, maar indien jy die poskaart bv. aan jou onderwyseres skryf wat vir jou gehelp het met die beplanning van jou oorsese reis, sal dit beslis meer formeel wees.